



Bron
nr
0 1 9 1

Datum
9 9 0 2 1 4 0 4 5

Onderwerp
nr
1 1

Knipfel
nr
580

➤ Rapport

Jg. 29 Nr. 7 P. 1 Dat. 14 FEB 1999

Geringe verligting vir lae-inkomstegroepe verwag

Groei, verkiesing kan Begroting strem

Deur JOHANN VAN TONDER

DIE instelling van die middeltermyn-begrotingsproses, gevolg van die finansiële krisis in opkomende markte en die verkiesing later vanjaar, sal tot gevolg hê dat die Begroting van 1999/2000 min verrassings oplewer, betreklik neutraal is, maar ook die neiging voortsit om van die "rykes" te vat om meer dienste aan die "armes" te lewer en hulle op te hef.

Nietemin waarsku ekonome dat die staat beter beheer oor sy uitgawes sal moet uitoefen as die begrotingstekortmispunt van 3,5% van bruto binnelandse produk (BBP) bereik wil word en ontsparing (om lopende uitgawes deur lenings te finansier) verminder wil word.

Dié waarskuwing volg omdat die ekonomie vanjaar nie veel gaan groei nie en staatsinkomste uit belasting afhanklik is van groei, maar ook omdat die staat jaarliks sy uitgawebegroting oorskry.

Maar dit is juis die gebrek aan groei en strukturele probleme in die ekonomie wat die Regering aan bande lê om 'n bydrae tot groei te lewer, sê mnr. Dawie Roodt, groepekoonom van die Selective Financial-groep.

Roodt wys daarop dat minder belastingbetalers toenemend 'n groter bedrag aan staatsbesteding moet finansier. Behalwe dat dit 'n strukturele probleem in die ekonomie vererger, naamlik dat minder gespaar kan word, laat dit min ruimte vir mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, om Woensdag noemenswaardige belastingverligting aan te kondig.

Mnr. Herman van Papendorp en Klaus Bauknecht, ekonome van BOE Sekuriteite, deel Roodt se mening en sê dat belastingverligting hoofsaaklik op die laer inkomstegroepe gemik sal wees, maar dat die effek van blokkruiping ook aangepak kan word deur die aantal belastingkategorieë te verminder.

(Sien ook berig op bladsy 6).

Maar, sê hulle, die verlies aan belasting deur só 'n stap sal weer deur 'n verhoging in belasting op "sondes" soos sigarette, tabak en alkohol herwin moet word.

Daarby kan die gebruikelike heffing op petrol en diesel ook die inkomstepoel aanvul.

Sowel Roodt as Van Papendorp en Bauknecht verwag dat verdere aankondigings oor belasting op afreefondse en byvoordele sal plaasvind.

Mnr. Wikus Furstenberg, ka-

pitaalmarkontleder van ABN Amro Sekuriteite, sê egter as dié belasting verder gaan verhoog, dit die stemming van die finansiële markte negatief kan beïnvloed.

Wat die uitgewekant betref, sal rentebetalinge op staatskuld weer 'n groot hap uit die Begroting vat.

Roodt sê die regering het wonderse gedoen deur die begrotingstekort oor 'n kort tydperk van 10% van BBP tot die verwagte 3,5% van BBP (of R25,2 miljard) te verminder.

Maar sê hy, hoewel die begrotingstekort verminder is, bly die vlak van staatskuld en veral die rentebetalinge daarop, 'n groot probleem.

Hy sê dat rentebetalinge in die 1998/99-Begroting sowat 21% van staatsuitgawes kan uitmaak.

Dit laat min beweegruimte vir die Regering om grootskeepsel belastingverligting, aansporings vir groter besparing en dus investering, asook om viniger dienslewering te bewerkstellig.

Ironies genoeg het die kredietgraderingsagentskap Standard & Poor's Woensdag dieselfde punt gehandhaaf as 'n faktor wat stremmend op die ekonomie inwerk.

Deels as gevolg hiervan is

TREFWOORDE

Safe Rapport

Ekonome

vermindering

Manuel

Begroting

Parlement

inkomste

verhuurings

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron nr.
0 1 9 1

Datum
9.9.02 140.45

Onderwerp nr.
8

Knipsel nr.
5806

Rapport

Jg. 29 Nr. 7 P. 1 Dat. 14 FEB 1999

Suid-Afrika se kredietgradering nie verbeter het nie, maar dieselfde gehou.

Hoewel die markte die handhawing van Suid-Afrika se kredietgradering positief beleef het (veral omdat byna al die ander opkomende markte afgegradeer is), beteken dit egter dat Suid-Afrika steeds nie oor 'n beleggingsgradering van Standard & Poor's beskik nie, en dus hoër rentekoerse op buitelandse skuld sal moet betaal.

Hoewel dit die Regering se lopende uitgawes in latere jare kan verhoog, kan die aangaan van buitelandse lenings minder druk op plaaslike finansiële markte en dus rentekoerse uitoefen.

Die Begroting behoort minder uitbreidend op die ekonomie in te werk, sê Van Papendorp en Bauknecht – veral omdat nie-rentedraende uitgawes met sowat 5,2% sal styg, terwyl 'n gemiddelde inflasiekoers van 6% verwag word.

Voorts sal die grootste deel van die uitgawes op die sosiale en polisieeringsfunksies bestee word.

En dit alleen sal nie produksie stimuleer om groei aan te wakker nie.

Daarby sê Roodt dat die staat nie genoeg vordering gaan maak om ontsparing te vermin-

der nie, en dat die Begroting van 1998/99 meer as R10 miljard se kapitaal vernietig.

Furstenberg sê die finansiële markte se reaksie sal veral bepaal word deur aankondigings oor versnelde privatisering, die aanwending van Sasria-geld om staatskuld en rentebetalings te verminder en valutabeheer.

Roodt, Van Papendorp, Bauknecht en Furstenberg verwag egter nie groot aankondigings oor privatisering nie, maar wel dat valutabeheer verder verslap sal word – veral op die bedrae wat individue die land mag uitneem en dat meer belê word in die Suider-Afrika-ontwikkelingsgemeenskap.

Aangaande die stel van inflasiemikpunte deur die Regering, sê Van Papendorp en Bauknecht dat Manuel weer melding daarvan sal maak, maar nie spesifieke mikpunte sal aankondig nie.

Die verwagting is dat Manuel nie veel van sy hersiene middeltermynbegroting gaan afwyk nie en dat vir inkomste van R191,3 miljard en uitgawes van R216,5 miljard begroot sal word.

Min. Trevor Manuel ... Alle oë is Woensdag op hom gerig.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10